# 18. SAALOPENING: Die krag van woorde

## Prakties:

**Spreekwoorde: Groter kinders**

Kom ons kyk gou vanoggend hoe slim julle is. Ek gaan vir julle ‘n paar spreekwoorde lees, dan kyk julle of julle weet wat dit beteken. Aan die einde van die spreekwoorde moet julle kyk of julle weet waaroor ons vanoggend gaan praat.

**Tandepaste: Klein en groot kinders**

Koop twee buisies tandepaste, en druk voor die tyd al die tandepaste in 'n bakkie uit. Kry twee vrywilligers wat moet probeer om die tandepaste weer in die buisie terug te kry. Jy kan besluit wat jy vir hulle gee om te help bv. 'n lepel, tandestokkie ens.

## Inleiding:

Ons lees in Jakobus 3:5 dat die tong 'n klein liggaamsdeeltjie is, maar dat dit groot krag het. Soos 'n klein vuurtjie 'n groot bos aan die brand kan steek, so kan jou tong baie kwaad doen. Omdat ons tong of mond so gevaarlik kan wees, moet ons onthou dat ons altyd 'n keuse het oor dit wat by ons mond uitkom. Dit kan goed of sleg wees, postitief of negatief, ons kan mooipraat van iemand, of kwaadpraat van iemand.

## Storie: Die krag van woorde

‘n Groepie paddas het deur die woud gereis en twee van hulle het in ‘n baie diep put geval. Al die ander paddas het rondom die put vergader. Toe hulle sien hoe diep die put was, vertel hulle die twee paddas dat hulle so goed as dood is.

Die twee paddas het die kommentare geïgnoreer en probeer om uit die put te spring so al wat hulle werd is. Die ander paddas het aan hulle vertel dat hulle maar net sowel kan ophou spring want hulle is so goed as dood is. Uiteindelik, het een van die paddas gehoor gegee aan wat die ander paddas gesê het en moed opgegee. Met sy laaste sprong poging het hy neergeval en dood gegaan.

Die ander padda het steeds gespring so hard en hoog hy kon. Weereens het die paddas buite die put vir hom gegil om op te hou om homself so te pynig en maar eerder rustig te raak en kalm dood te gaan. Maar die padda het net harder gespring en uiteindelik maak hy dit toe om uit die put te kom.

Toe hy uit die put is vra die ander paddas aan hom, “Het jy ons nie gehoor nie?” Die padda verduidelik toe aan hulle dat hy doof is en dat hy onder die indruk was dat hulle almal hom die heeltyd aangemoedig het om nog harder te probeer.

**Toepassing:**

Die storie gee ons baie om oor te dink naamlik:

1. Om iets mooi of gaaf vir iemand te sê wat deur ‘n moeilike tyd gaan, kan hulle help om aan te gaan al gaan dit hoe moeilik!

2. Om negatiewe of slegte goed vir iemand te sê wat deur ‘n moeilike tyd gaan, kan hulle laat moed opgee en nie aangaan nie!

TobyMac het ‘n pragtige liedjie wat hierdie verhaal baie mooi opsom – “Speak Life”. Dit vertel die storie van die krag van dit wat by ons monde uitkom, en hoe dit positief of negatief kan wees.

Ons lees in Spreuke 18:21 “Die tong het mag oor dood en lewe; die wat lief is om te praat, sal die gevolg dra”

Jy kan ook Jakobus 3:5-12 gebruik afhangende van wie jou gehoor is.

**SLUIT AF MET GEBED**

## Spreekwoorde oor die tong of mond:

1. **Sit ‘n wag voor jou Mond** (Dink voordat jy praat)

2. **Sy is ‘n “Geitjie”** (“n Meisie of vrou met ‘n skerp tong)

3. **Die henne wat die meeste kekkel lê nie die meeste eiers nie** (Die wat die meeste praat kry nie die meeste gedoen nie)

4. **Haar hart lê op haar tong** (Sy vertel vir almal hoe sy voel)

5. **Wat die hart van vol is, loop die mond van oor** (Die dinge waaroor jy praat wys vir ander mense wat werklik vir jou belangrik is)

6. **Iemand heuning om die mond smeer** (Iemand vlei)

7. **Tong soos ‘n skeermes hê** (bitsig en kwetsend in jou gesprekke wees)

8. **Met ‘n mond vol tande sit** (niks hê om te sê nie)